tot sy beskikking gehad om die Goewermentsgebou op te plaas. Gedurende April 1888 was die ontwerp van die gebou voltooi — op daardie stadium nog net met een verdieping, sonder die Tweede Volksraadsgebou en met 'n conciergewoning op die suidwestelike hoek — en kon daar tenders vir die oprigting van die gebou gevra word. Die „Ou Gouvernementsgebouw" staan dus vandag op Erf 412 (383) en die oostelike helfte van Erf No. 411 (382), behalwe die inrit, wat op 'n gedeelte van die orospronklike Kerkplein geleë is, en 'n klein gedeelte van die westelike vleuel, wat inbreuk maak op die terrein van die destydse westelike gedeelte van Erf No. 411 (382).

Die westelike helfte van Erf No. 382 (411) het mettertyd die straat wat Pretoriusstraat en Kerkplein met mekaar verbind, geword, en dit is wetenswaardig om kortliks die geskiedenis van die halwe erf na te gaan.

(Word vervolg).

---

(8) R.5192/87.
(9) 2136/87.
(10) U.R.B. 500/87 dd. 21/11/87.
(11) Transportakte No. 1888/2211.
(12) U.R.B. 506/87 dd. 30/1187.
(13) U.R.B. 436/87 dd. 15/8/88.

# Origin of Street Names

In the September, 1952, issue Mr. R. Peacock has shewn that Plein Street was renamed Christina Street by the Municipality in 1931. May I supplement that information by pointing out that at that time the old buildings on Pretorius Square were being demolished so that the City Hall could be erected on the site. On the S.W. corner of the block, that is at the N.E. corner of Bosman and Minnaar Sreets, there stood a large red-brick house named Christina Villa. Did the name of the villa provide the new name for Plein Street?

**De Waal and Margaretha Streets:**

De Waal Street is named after Mr. E. H. de Waal who was the Inspector General of Customs under the Republic. He was a member of a large party of Boers who left the Transvaal for Kenya about 1906. If, as stated, he had a daughter named Margaretha then Margaretha

Street would be named after her as she was, I believe, the vendor of the estate.

**Parliament Street:**

This street was previously known as Church Lane and Theatre Lane.

**DECEMBER, 1952, ISSUE:**

**Central Street:**

About fifteen years ago a part of Henwood's store was demolished to provide space for this street. Henwood's store had occupied this site for fifty years and it would have been more appropriate to have named it Henwood Street. No street should be given a name like Central Street that can be translated into the other official language.

**Shepherd Street:**

This street, between Prinsloo and du Toit Streets, was formerly known as Joubert Lane. As there was also a Joubert Street the name was altered to Shepherd Street, no doubt because the Mission of the Good Shepherd was in the street. According to the Dean of Pretoria in 1905 Bishop Carter arranged for the Wantage Sisters to found the School of the Good Shepherd for coloured children in the street. It was subsequently taken over as a mission by the Society for the Propagation of the Gospel. The Mission is now in Bloed Street, but the Shepherd Street premises are still used by the mission as a girls' hostel.

C. J. Beanes.

# Die Geskiedenis van Hercules

## II.

DIE eerste deel van Daspoort wat in erwe opgemeet was, is die teenswoordige Hermanstad, deur landmeter M. H. Walker in opdrag van Karel Rood en S. Michaelson (1897) wat die gedeelte gekoop het van Maria Elizabeth Hermann (gebore van der Walt), die eggenote van wyle Matthys Johannes Hermann.